

Sing vooraf: Psalm 68:9 (p. 334)

- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofsang: Skrifberyming 5-4:1, 2, 5, 6 (10:1, 2, 5, 6)

- | | | | |
|---|--|---|---|
| 1 | Wie kan ons voor die regter daag?
Gods uitverkore kind verklaag?
Waar is die mond wat durf verdoem
as God sy kind regverdig noem? | 2 | Dis Christus wat die skuld wou dra,
die dood vir ons gesterf het, ja,
wat, opgewek, in glorie sit
en altyddeur vir ons wil bid. |
| 5 | Maar nee, ons sal oorwinnaars bly
deur Hom vir wie ons leef en ly.
Ja 'k weet gewis, geen lewe of dood,
geen eng'lemag, bo-menslik groot, | 6 | geen skepsel in die skepping wyd,
geen ding in tyd of ewigheid –
niks kan ons van Gods liefde skei
wat ewig-vas in Christus bly. |

Gebed

Psalm 3:1 (p. 10)

- 1 Hoe groei my teenparty! / Hoe dring hul naderby! / Ek hoor al hoe hul laster:
"Hy het geen heil by God." / Hul hoon my met hul spot / en keer my altyd vaster.
Maar U sal hulle stuit; / U voer die oorlog uit,
my God, my skild, my ere! / U hef, trots hul gerug,
my hoof weer in die lug, / want U verhoor my, HERE!

Skriflesing: Efesiërs 6

Teks: Efesiërs 6:12-18; Kategismus Sondag 52

Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bese geeste in die lug. Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. Staand dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan, en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede. Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus. En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees – dit is die woord van God – terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges (Efesiërs 6:12-18 AFR1953)

Die vroegste Christene het dit so gesien dat hulle met hulle belydenis trou gesweer het aan die banier van die kruis – en daarmee aan die Here Jesus Christus.

- Hulle het geglo dat hulle van daardie oomblik af oorlogsknegte van die Here Jesus is.
- Daarom het hulle ook geglo dat hulle van die Here Jesus af 'n hele arsenaal wapens gekry het waarmee hulle teen die duiwel moet veg – omdat hy dan teen die banier van die kruis veg en hom nie daaraan onderwerp nie!

Hierdie arsenaal van wapens is almal geestelike en fisiese wapens, want die Heilige Gees maak dit duidelik in vers 12 dat die oorlog wat deur die gelowiges gemaak moet word, teen mense en geesteswesens is.

Hierdie is die baie ernstige kant van die lewe.

- Ons moet altyd daarvan bewus wees dat as ons werklik in die Here Jesus Christus glo, dan sal ons nie van die aanslae van die lewe gespaar word nie.
- Ons sal moeilikheid met die donker kant van die lewe kry – veral waar en wanneer ons dit nie verwag nie!

Dis waarom vers 13 die magtige klomp vyande opnoem wat ons liggie gaan probeer doodblaas:

. . . maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bese geeste in die lug

Hierdie klomp wapenrusting wat die Here vir ons gee, is dus uiters noodsaaklik! MAAR ons moet bese dat hierdie wapens alleen nie genoeg is nie. Daar moet eers nog iets baie belangriks bykom. Ons lees daarvan in vers 18:

terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, . . .

Ons kan die situasie waarin ons is so saamvat:

- Ons moet kennis hê van al die gevare wat daar in die lewe is – gevare wat ons van God sal wil vervreem of ons vernietig.
- Ons moet ons eie magteloosheid teen hierdie gevare bese.
- Juis daarom moet ons weet van al die wapens waarmee die Here ons toerus – en ook oefen om dit te kan gebruik.
- Ons moet in die geloof styf vashou aan die hoop wat die Here Jesus vir ons gee dat Hy ons vir ewig daarvan verlos.

Die Here Jesus openbaar in die gebed wat Hy ons leer dat ons pynlik bewus moet wees van die duiwel se ellendes wat ons bedreig. Daarom bid ons:

. . . lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bese . . .

Daar is ook ander swaar dinge wat met ons gebeur, soos wanneer die Here ons beproef, sodat ons eerlikheid en die deursettingsvermoë van ons geloof openbaar gemaak kan word – maar dis nie waaroor hierdie gebed gaan nie.

Daar is net een manier om regop te kan bly teen hierdie klomp magte wat hulle toespits op ons vernietiging. Dis deur die Here self.

Dit is ook presies waarvoor ons bid:

Wil U ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelik stryd nie beswyk nie!

Om hierdie magte te kan verslaan moet ons bid om nederig te bly – sodat ons nie soos hulle word nie.

- Ons moet bid dat ons ons nie verhef nie.
- 'n Voorbeeld van so 'n gebed kry ons waar Paulus bid oor iets wat hom geweldig kwel en kortwiek:

En dat ek my oor die voortreflikheid van die openbaringe nie sou verhef nie, is my 'n doring in die vlees gegee, 'n engel van die Satan, om my met die vuis te slaan, dat ek my nie sou verhef nie. Hieroor het ek die Here drie maal gebid, dat hy van my sou wyk. En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring. Baie liever sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon. (2 Korintiërs 12:7-9 AFR1953)

Verder moet ons bid dat die Here ons voortdurend krag uit die hemel gee dat ons kan bly glo – en in die regte geloof kan volhard.

Dink hiervoor aan dit wat in Efesiërs 3 geskryf staan:

Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus, van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang, dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens, sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is,
(Efesiërs 3:14-17 AFR1953)

Of ons dit wil weet of nie, hierdie magte gee op ons af. Daarom moet ons aanhoudend bid vir daaglikse bekering. Voorbeelde daarvan in die Bybel kry ons in die Romeinebrief:

Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. (Romeine 6:12 AFR1953)

Dan ook daar waar Paulus bid om uit sy eie menslike ellendigheid losgemaak te word:

Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here! (Romeine 7: 24, 25 AFR1953)

Die effek daarvan is eenvoudig. God die Almagtige sal ons deur die werking van sy Heilige Gees bestand maak teen alles wat verkeerd is.

- Dit beteken dat ons die versoekings van die duiwel sal kan teenstaan.
- Dit beteken ook dat waar ons al daaraan toegegee het of daaraan gewoon geraak het, ons daarvan af kan wegbreek.

Hierdie hulp wat die Heilige Gees gee om ons te beskerm en te bewaar – wat beteken dat Hy ons oorwinnaars teen die booshede in die lug maak – word deur die Here Jesus Christus vir ons gegee.

- Hy het sy Gees teruggestuur as ons Leidsman en Trooster.
- Hy het aan ons almal tydens ons doop die Heilige Gees en sy werking aan ons toegesê.

Die Here Jesus het al hierdie wapenrusting waarvan ons lees, vir ons voorberei en gegee. Hy het ook vir ons die hoop gegee op die lewe hierna, waar ons as oorwinnaars en konings in sy koninkryk gaan lewe!

In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. (Johannes 14:2 AFR1953)

In die boek Openbaring lig die Here die sluier oor ons oorwinning en eindadres taamlik hoog!

Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.
(Openbaring 20:6 AFR1953)

Daarom het ons nie werklik 'n keuse nie. Ons moet hierdie wapens van aanval en verdediging wat die Here Jesus vir ons gee aantrek en gebruik. So werk God krag in ons.

Hierdie krag is nie effens en swak nie. Ons hoef nie eers gedeeltelik by te dra nie. God gee alles uit die almag van sy genade. Aan Hom behoort alle heerlijkheid, gesag en mag.

Het u al opgelet wat ons belydenis oor al hierdie dinge te sê het in Kategismus Sondag 52? Kom ons lees dit saam:

Vraag 127: Wat is die sesde bede?

Antwoord: *En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Dit is: Ons is in onself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie (a). Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel (b), die wêreld (c) en ons eie sondige natuur (d), nie op om ons aan te val nie. Wil U ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelik stryd nie beswyk (e) nie, totdat ons eindelijk die oorwinning volkome behaal (f).*

(a) Joh 15:5; Ps 103:14. (b) 1 Pet 5:8; Ef 6:12. (c) Joh 15:19. (d) Rom 7:23; Gal 5:17. (e) Matt 26:41; Mark 13:33. (f) 1 Tess 3:13; 5:23.

Vraag 128: Hoe sluit jy jou gebed af?

Antwoord: *Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlijkheid tot in ewigheid. Dit is: Ons bid dit alles van U omdat U as ons Koning, wat mag oor alles het, ons alle goeie dinge wil en kan gee (a) sodat daardeur nie ons nie, maar u heilige Naam ewig geprys sal word (b).*

(a) Rom 10:12; 2 Pet 2:9. (b) Joh 14:13; Jer 33:8, 9; Ps 115:1.

Vraag 129: Wat beteken die woord Amen?

Antwoord: *Amen wil sê: Dit is waar en seker. Want my gebed is baie sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart voel dat ek dit van Hom begeer (a).*

(a) 2 Kor 1:20; 2 Tim 2:13.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 2-7:1 (37:1)

- 1 Toe sien ek soos 'n see van glas, / deurstraal met geel-rooi vlammeilig.
En die oorwinnaars van die dier – / hul wat nie voor sy mag wou swig –
het langs die see van glas gestaan, / en daar was siters in hul hand.
Hul het gesing soos Israel / gesing het aan die Skelfseestrand.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 7 Februarie 2010